

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 89

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Om te leef, is om te geniet

Die lewe bied vir elke mens wonderlike geleenthede. Op die gebied van genietinge is die verskeidenheid baie groot.

Daar is diegene vir wie die hele lewe net uit eet, drink en speel bestaan. Hoe korter die werksweek hoe meer tyd is daar vir spel en ontspanning. Oor die dag van môre word net nie gedink nie. En waarom sou hulle hul oor so iets as die lewe na die dood bekommer? So iets soos 'n duiwel of 'n hel bestaan nie vir hulle nie. 'n God van liefde sal mos nie toelaat dat 'n mens vir ewig gestraf word nie!

'n Mens kan dus maar lewe en geniet sonder enige bekommernis oor 'n lewe hierna!

In hierdie klimaat kom die leuse goed te pas ... laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons.

Tog is dit duidelik dat ons hier met 'n leuen te doen het. Selfs in die heidense denke word rekening gehou met 'n vorm van lewe na die dood. God se Woord laat ons ook nie vir een oomblik hieromtrent in die duister nie. Wat 'n ontnugtering wag daar vir so 'n arme mens!!!

Verbly jou, maar ...

Jesus het al gesê dat die lewe meer is as die voedsel en die liggaam as die kleres.

God wil hê dat die mens die lewe moet geniet. Die Skrif sê ook: "Verbly jou, o jongeling in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid". Tog is daar die BEPERKING . . . want daar is 'n soort genot wat die lewe en lewensvreugde bedreig en ten slotte vernietig.

Met 'n sterk motor kan ons byvoorbeeld baie vinnig ry. Vir 'n jongmens veral is dit 'n genot. Dit bied 'n besondere bekoring om met soveel krag oor die pad te skeur. Tog is daar sekere reëls en wette wat eerbiedig wil wees, anders kan die rit eindig in 'n wrede ongeluk.

Voor die Sondvloed het die mense ook geëet en gedrink en geniet.. . sonder om rekening met God te hou. En die uiteinde was die dood in die waters van die vloed.

In Sodom het dit net so jollie gegaan. En die uiteinde van die stad was dat die oordeelsvlamme van God ... die vergete God . . . almal en alles verteer het.

Die geskiedenis deel ons ook mee dat die Grieks-Romeinse Ryk se ondergang juis was, die genot en die weelde wat oordadig geniet was . . . en die veragting van die dinge wat wesenlik van waarde was.

Dieselfde kanker vreet reeds aan die bestaan van ons huidige Westerse beskawing.

Wil u weet waar u staan?

Vra uself af:

Kom u nog in die kerk? Stel u en u kinders nog belang in u volk se kultuursake? Waar was u verlede jaar met die Geloftefees? En waar gaan u vanjaar wees? Het u nog tyd vir die Bybel in u huis?

Die antwoord hierop sal min of meer aandui hoe laat dit vir u en u huis geword het.

L. J. B.

EK EN MY VROU GAAN SKEI

Jy sê jy en jou vrou gaan skei... Jou redes klink goed:

- Julle praat nooit meer met mekaar nie.
- Julle het niks in gemeen nie.
- Julle seksuele verhouding het verflou.
- Julle leef bymekaar verby.
- Julle argumenteer gedurig oor geld en skuld.

Ek kan begryp dat dit die lewe ondraaglik kan maak. Maar kom ons probeer die probleme verstaan.

Jy sê julle praat nooit meer met mekaar nie.

Dit klink darem baie snaaks. Dink maar bietjie aan julle jong dae. Toe het julle alles vir mekaar te sê gehad.

Toe het selfs die verspotste ou gedagtetjie die jong harte laat gloei. Wat het dan nou van daardie gedagtewisseling geword?

Laat ek jou maar sê: SELFSUGTIGHEID het dit versmoor!

Elkeen dink net aan sy eie belange.

Jy verkies die geselskap van die "boys" in die kroeg ... om die snoekertafel by die voetbal... by die viswaters.

Sy verkies die teepartytjies ... die tennisbaan.

Julle moet na mekaar toe lewe. Met mekaar die dingetjies deel.

Maar moenie dink dit sal vanself gebeur nie.

Julle moet iets doen. Julle moet doelbewus op mekaar ingestel wees. Julle moet 'n keer van julleself af weglewe.

Jy sê julle het niks in gemeen nie

Ag my vriend, geen twee mense het alles in gemeen nie.

Maar geen twee mense is onversoenbaar nie.

Mens kan gemeenskaplike belange kweek. Mens kan dit aanleer.

As julle van mekaar verskil in belange, kan julle mekaar juis mooi aanvul in die huwelik.

Julle moet net onthou: As julle nie bymekaar kan aanpas nie, het julle geen bewys dat 'n tweede huwelik sal werk nie . . . al lyk die gras nog so groen.

Geeneen van julle kan eise stel nie. Julle moet by MEKAAR aanpas. Dit is julle wedersydse taak.

Jy sê julle seksuele verhouding het verflou

Dit is vanselfsprekend. 'n Gelukkige seksuele verhouding kan nie groei in 'n klimaat waar daar geen begrip en kameraadskap is nie.

Moenie dink dat julle seksuele frustrasies die oorsaak is van julle ongelukkige huwelik nie. Dit is die gevolg daarvan.

Wat nodig is in julle seksuele verhouding is 'n wedersydse besorgdheid wat gerig is op jou

huweliksmaat.

Seksuele verkeer is nie gerig op die selfsugtige bevrediging van eie behoeftes nie... dit is die RESULTAAT van goeie kontak tussen jou en jou vrou.

Jy sê julle leef bymekaar verby

Aanvaar nou maar dat 'n man anders is as 'n vrou en 'n vrou anders as 'n man. Wat vir die een belangrik is, is nie noodwendig vir die ander belangrik nie.

Julle verskil in aard . . . in temperament. Maar julle moet leer om die verskille te waardeer en geniet. Dit kan jy maar glo: 'n Man KAN 'n vrou verstaan en 'n vrou KAN 'n man verstaan. Iemand moet net daarmee begin . . . om toe te gee . . . om selfsugtige "regte" prys te gee en die lewensmaat te waardeer vir wat hy of sy is.

Jy sê julle argumenteer gedurig oor geld en skuld

Geld is NOOIT die oorsaak van egskeiding nie.

Mense wat mekaar goed verstaan, eet saam pap, maar veg nooit oor geld nie.

Bespreek julle behoeftes saam. Probeer mekaar se behoeftes begryp.

Beplan saam wat julle sal koop en wat julle nie kan koop nie.

Moenie onredelik wees nie ... moenie die onmoontlike eis nie.

Wees bereid om te deel.

Kan jy nou sien dat nie een van jou redes jou die reg gee om van jou vrou te skei nie.

Julle moet mekaar vergewe ... sewentig maal sewe keer leer die Bybel.

Niemand is volmaak nie, elkeen het sy foute. Die sonde woon maar altyd by ons. Maar Jesus Christus het gekom sodat ons vergewe kon word.

Sodat ons in vrede kan lewe met mekaar. Sodat ons gelukkig kan wees. Onse Vader wil nie dat ons ongelukkig sal wees nie . . . en egskeiding bring geen geluk nie. Daar is één antwoord: Egte berou...

oor wat julle aan mekaar kon gee en wat julle aan mekaar weerhou het. Dan sal God julle weer vrede gee.

J. J. de Jager.

VAN WAAR DIE DWELMVERSLAWING?

'n Gesaghebbende het ons nou die dag meegedeel watter ontsettende omvang die verslawing aan dwelmmiddels reeds in ons land aangeneem het.

Daar is talle wat die middels min of meer gereeld gebruik. Andere smokkel daarmee en sorg dat dit in die hande van die verbruikers kom. Derduisende rande is betrokke by die handel met die middels. Baie word blykbaar van oorsee ingebring.

Dagga word op 'n groot skaal gekweek en in ons land verbruik, en ook na ander plekke uitgesmokkel.

Waarom gebruik die mense die middels?

Die vraag is nie so maklik te beantwoord nie.

Dis egter duidelik dat dit vir die mens 'n vorm van ontvlugting uit die werklikheid bied. Maar die gebruik daarvan is verslawend, en so begin die bose kringloop: Die liggaam vra weer en weer daarna.

Daar mag verskillende redes bestaan waarom mense die werklikheid wil ontvlug. Dit kan 'n sieklike minderwaardigheidskompleks wees wat op die wyse oorwin moet word.

Ander het een of ander geestesgebrek. Kinders uit gebroke huise is byvoorbeeld dikwels die prooi van dwelmsmouse. Waar die ware ouerliefde in die huis gemis word, word 'n plaasvervanger gesoek. Die kinders beland op die straat en verval onder slegte maats.

As godsdienstige waardes en sedelike waardes gedevalueer word, bestaan die moontlikheid dat die toevlug na hierdie middels geneem word. Die mens vind blykbaar hierin 'n skynsekuriteit wat hy of sy andersins mis.

Vir andere is die hele lewe sinloos en doelloos ... uiteindelik gaan alles tog in vlamme op, as die atoombom eendag ontplof ... Intussen bied die bedwelming darem tydelik 'n gelukkige heenkome!

Agter die dwelmverslawing sit egter 'n planmatige aftakeling van die Westerse beskawing en kultuur deur die internasionale kommunisme. En agter die kommunisme sit daar 'n duiwelse beplanning uit die dieptes van die hel.

Op hierdie pad gaan ons beskawing doodloop.

Die verslawing spel die ramspoed kranksinnigheid, selfmoord en selfvernietiging ... vir die enkeling en as dit nie in sy gang gekeer word nie, ook die volk en die hele beskawing.

Hoe kan dit gekeer word? Nie deur streng wetgewing alleen nie. Rehabilitasie is ook nie genoeg nie. Deur God se genade moet ons terug na die ewige Woord en die Lewende Jesus. In Hom is daar ontkoming en redding.

L. J. B.

NET VIR MANS!

My seun, luister na my wysheid, neig jou oor tot my insig, dat jy volle oorleg kan behou en jou lippe kennis kan bewaar; want die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, maar op die end is sy bitter soos wildeals, soos 'n swaard aan weerskante skerp.

Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe. Dat sy die pad na die lewe nie sou inslaan nie, wankel haar gange sonder dat sy dit weet.

Luister dan nou na my, julle seuns, en wyk nie af van die woorde van my mond nie. Hou jou weg ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie, sodat jy nie jou bloei aan ander gee en jou jare aan een wat onbarmhartig is nie.

Waarom sou jy, my seun, die boesem van 'n ontugtige omhels?

Want elke mens se weë is voor die oë van die Here, en Hy weeg al sy gange.

(Spreek 5)

MY OUERS WIL NIE VERSTAAN NIE

Ons het al hoeveel keer daaroor gepraat, en elke keer loop dit uit op 'n hewige rusie. Want my ouers wil maar nie verstaan nie. Hulle wil nie aanvaar ek is groot genoeg om vir myself te dink en my eie gang te gaan nie. Hulle wil aan my bly voorskrywe, en ek is sat daarvan. Elke keer is dit maar weer 'n gekyf oor my hare te lank is, of my meisie se rok te kort is, oor ek te laat snags in die huis kom, of oor ek nie wil kerk toe gaan nie. Twis hulle nie oor my motorfiets of my popmusiek plate nie, dan twis hulle oor my paar vriende.

Die tyd het tog verander!

Dit kan hulle net nie verstaan nie, dat ons in die 20ste eeu lewe. Daarom voel ek soms so 'n eenling tussen my familie. Dis swaar om te bly tussen mense waar jy eensaam voel, mense wat jou nie verstaan nie, wat jou probleme nie begryp nie. En daarom sorg ek maar dat ek meesal weg is.

Die mense hier in ons omgewing hou hulle ook danig snaaks. Party van hulle gaan nog kerk toe, en jy moet sien hoe hulle my aan kyk as hulle my Sondae op my motorfiets sien, of hulle kom by my in die straat verby. Ek het al gesien hulle beduie na my klere en hare, en ek weet hulle praat van my. Dit laat 'n mens skoon ontuis voel hier in die dorp, om nie van jou huis te praat nie!

Die kerk verstaan ook nie

Anderdag het die dominee met my kom praat. Ek het eers gedink hy sou verstaan, omdat hy self ook nog jonk is. Maar nee — hy verstaan ook nie. Hy kan nie begryp 'n mens moet vry wees nie. Hy praat van God se wet, van sedewette waaronder ons moet buig, van ons ouers wat ons moet gehoorsaam, en van orde in die samelewing. Hy sê ons kan nie elkeen maak soos ons wil nie — ook nie eers met ons eie liggaam nie, want sê hy, ons liggaam behoort aan die Here, en losbandigheid is sonde. Hy sê as 'n mens nie glo in die Bybel nie, en jy luister nie vir God nie, en jy gaan nie kerk toe nie, dan sal jy vir ewig verlore gaan

Ek kan dit nie verstaan nie. Elke mens het tog reg op sy eie lewe. Hoekom kan jy jou nie geniet soos jy wil nie? Niemand het mos iets daarmee uit te waai nie! Maar dit is wat my ouers nie wil verstaan nie, en die kerk ook nie. Hulle wil hê jy moet jou onderwerp aan sekere reëls, en daarvoor sien ek nie kans nie. En ek weet daar is meer jongmense wat voel soos ek.

Maar ek voel soms tog eensaam. Veral as ek alleen is, dan word dit onuithoubaar, dan moet ek maar weer afleiding gaan soek.

Ek glo nie jy begryp nie. Ons jongmense wil vry wees, nie gebind deur die kerk of die Bybel of die uitgediende reëls van 'n bekrompe samelewing nie.

Hoe verder van God af, hoe eensamer

Na alles wat jy my vertel het, jongman, dink ek tog ek verstaan waarom jy eensaam is. Jy het nie net die bande met jou ouers en die kerk losgemaak nie. Jy het ook die bande met God losgemaak. En daarom is jou siel so leeg. En daardie leemte in jou hart sal jy met niks anders kan volmaak nie. Moenie jou ouers blameer of die ou tyd of die nuwe tyd nie. In hierdie

"nuwe tyd", net soos in elke ander tyd, is die mens se lewe leeg en hol en eensaam sonder God. En hoe verder jy van Hom af leef, hoe eensamer moet jou lewe wees. Tydelike afleiding sal daardie leemte nooit kan vul nie.

'n Kind van die Here is nooit werklik eensaam nie. God is by Hom, heeldag. En God plaas hom ook tussen geestelike broers en susters. Daar waar God woon, waar die liefde en geloof saambind. As God in jou lewe is, sal jy en jou ouers mekaar verstaan. Hulle sal jou probleme as jongmens begryp, en die kerk sal verstaan, want dan praat ons dieselfde taal, die taal van geloofsgemeenskap, wat na hierdie aardse lewe sal uitgroei tot die volmaakte, heilige gemeenskap rondom God se troon.

Die grootste eensaamheid is daar waar jy die verste van God af is. Dit is die hel.

Is jy nou miskien daarheen op pad?

W. J. Maritz.

Van God en mens verlate?

*My God, my God, waarom verlaat U my
terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly?
Op al my vrae
kan ek van U deur al my lydensdae
geen antwoord kry
Deur donker lydensnagte
bly ek nie stil
maar daar's geen heil te wagte,
Geen woord vir my.*

— Ps. 22:1

Jy voel vanmôre so. Van God en mense verlate. 'n Sondagmôre kan tog soveel heimwee bring. Daar is die verlange in die hart. Maar na wat verlang ek? Daar is ongelukkigheid.

Die eensaamheid is so groot. Wie kan tog hierdie ongelukkigheid verdryf? So het iemand anders ook eenmaal gevoel.

Luister:

*"O, my God ontferm U oor my
in my diepe ongeluk;
eensaam is ek — o verhoor my! —
gans ellendig en in druk."*

(Ps. 25 : 8).

Eensaamheid, want daar is geen geestelike bande met ander mense nie. Dis 'n las wat te groot is om te dra. Dit is nie goed dat die mens alleen moet wees nie. Daarom het die Here man en vrou bymekaar gevoeg. Maar die eensaamheid is nog groter as God se kind van Hóm geskei is. Dis die grootste eensaamheid. Die Here noem Homself ook in die Bybel die **man** van sy kerk, van sy gelowiges, en hulle word sy **vrou** genoem.

Hoe dit gebeur

Deur die sonde het daar verwydering gekom tussen die Here en sy kinders. Hulle het eensaam geword, soos weeskinders. Daar is geen vaderhand en geen vaderhart waarvan hulle bewus is nie.

Eensaamheid — afgesnyde bande. Verbintenis met God en mense is afgebreek.
Eensaamheid — gevolg van die sonde.

En tog, jou eensaamheid. Wat is dit in vergelyking met die eensaamheid van Christus Jesus? Hy alleen was ten volle van God en mens verlate. So hoef niemand meer eensaam te wees wat in die geloof aan Hom verbind is nie, want Hy het juis dit wat soveel eensaamheid veroorsaak, die sonde, kom versoen.

So word ook die eensaamheid op 'n Sondagmôre verlig. Eensaamheid kom in ons harte omdat ons van Hom weg is. Maar Hy roep sy volk om te vergader en wil daar aan hulle sy genade gee. Ons is egter eensaam as ons nie saam met die gelowiges na die Here gaan nie.

Ook jy sal nie saam met hulle vanmôre deel hê aan sy skatte en gawes wat Hy uitdeel nie, as jy nie daar is nie.

As die loot nie aan die wingerdstok bly nie

Eensaam?

Is dit miskien omdat jy ondankbaar is?

Die digter het nog gesing: Ek sal u Naam met dankerkentnis prys te midde van die feestelike skare. Jerusalem, ek hoor om jou altare die lofgeluid wat tot Gods eer verrys." (Ps. 116:10).

Maar jy?

Hierdie verderflike eensaamheid, hierdie gevoel wat jy nie kan afskud nie, is dit nie omdat jy gebreek het met die gemeenskap, die verbintenis met die gelowiges nie? Het dit nie gekom omdat jy jou onttrek het van die onderlinge byeenkoms nie (Hebr. 10:25.)? Is jy nie 'n uitgerukte oog, of 'n afgekapte voet wat daar eenkant lê en nie in die liggaam is nie?

Daarom die verlange uit verre kinderdae wat in jou hart is. Die verlange om soos toe in gemeenskap met die gemeente van die Here ook met die Here in gemeenskap te tree.

Die kerk is 'n liggaam, liggaam van onse Here Jesus. Wie stewig in die kerk verbind is, het gemeenskap aan Jesus Christus en aan mekaar. Wie hom nie onttrek van die gemeenskap van die heiliges nie, kan nooit van God en mens verlate wees nie.

M. A. Kruger.

Geld . . . Geld . . . geld!

Geld kan 'n gawe of 'n vloek wees. 'n Gawe as jy dit besit en reg gebruik. 'n Vloek as dit jou besit en jou gebruik. Dan raak jy van die geld besete.

• • •

Hy wat net vir geld leef, loop 'n geweldige risiko. Niks is immers so wisselvallig soos geld en so onseker soos rykdom nie. En waarvoor het jy dan geleef? Niks!

• • •

Met geld kan jy baie dinge koop, maar nie alles nie. Juis die dinge wat van wesentlike waarde is, is gewoonlik onkoopbaar.

• • •

Om geld op te gaar is goed, mits jy onthou dat jou doodsklere geen sakke het nie.